Die voortsetting van die Suid-Afrikaanse wonderwerk

Die

FW de Klerk Stigting

Reaksie van mnr De Klerk op vrae gevra deur *Beeld* rakende 'n verslag vrygestel oor beweerde korrupsie onder die apartheidsregering.

Mnr De Klerk wil uit die staanspoor sê dat hy en sy kollegas in vorige regerings baie bewus was van die noodsaak om korrupsie in enige vorm te bestry en hulle het verseker dat alle bewerings in hierdie verband behoorlik ondersoek is. Waar oortredings gevind is, is die betrokkenes vervolg en gestraf sonder inagneming van hul posisies - 'n minister en adjunkminister is onder andere tronkstraf opgelê. Mnr De Klerk hoop dat oproepe vir ondersoeke na beweerde korrupsie onder vorige regerings nie 'n poging is om die aandag af te lei van die ernstige en sistemiese korrupsie waaronder Suid-Afrika tans gebuk gaan nie. Daar moet onthou word dat daar deurgans 'n aktiewe en energieke proses van parlementêre ondersoek en oorsig van regeringsfinansies was. Die opposisie was waaksaam en het nie gehuiwer om die Regering sterk aan te vat oor enige bewerings van korrupsie nie. Baie van die aantygings wat nou gemaak word, het destyds wye media dekking gekry en is ook in die parlement geopper.

<u>Die Stigting het as volg reageer op Beeld se navrae oor die volgende onderwerpe:</u>

Betreffende die grootskaalse vernietiging van amptelike dokumente net voor die demokratiese oorgang:

Sover dit mnr De Klerk en sy kabinet betref, is daar weggedoen met dokumentasie ingevolge die Wet op Argiewe. Gedurende sy presidensiële ampstermyn is opdrag gegee dat departemente oorbodige kopieë van amptelike en geklassifiseerde dokumente moet vernietig wat hulle van ander departemente ontvang het. Die departement way die dokument geskep het, moes egter die oorspronklike behou en bewaar ingevolge die Wet op Argiewe. Enige poging om die wet te ignoreer of te omseil, sou 'n oortreding wees.

Betreffende die beweerde aanwending van gesmokkelde ivoor vir eie gewin deur hoë weermagoffisiere:

Daar was destyds mediaberigte oor hierdie bewerings. Dit is moontlik dat parlementêre vrae ook hieroor gevra is. Dit sou vanpas wees om beweerde oortredings te ondersoek mits daar prima facie-getuienis bestaan wat so 'n ondersoek regverdig. Daar moet egter gevra word of die openbare vervolger se tyd nie beter bestee sal word om huidige bewerings van ernstige korrupsie te ondersoek nie - eerder as om ou koeie uit die sloot te grawe.

Of die bates van destydse kabinetslede ondersoek moet word:

Die persoonlike bates van voormalige ministers - van die NP of van enige ander party - behoort slegs ondersoek te word as daar prima facie-rede is om te glo dat hulle skuldig was aan 'n oortreding. Anders word hul grondwetlike reg op privaatheid aangetas.

Behoort 'n ondersoek gedoen te word na die bedrag geld wat die staatsdiens in die tydperk 1976 tot 1994 aan korrupsie verloor het?

Mnr De Klerk is oortuig dat vorige regerings redelik goed sal kom uit 'n deeglike ondersoek na die wyse waarop hulle staatsgeld hanteer en korrupsie beveg het. Staatsbesteding is deeglik ondersoek deur die ouditeur-generaal en die Staande Komitee van Openbare Rekeninge. Staatsamptenare en ministers moes verduidelik indien daar enige rede was om die onreëlmatige bestuur van staatsfinansies te vermoed.

Was mnr De Klerk persoonlik bewus van die bewering dat Suid-Afrika meer betaal het vir olie tydens die sanksiejare as wat nodig was?

Natuurlik moes Suid-Afrika 'n premie betaal om olie te verkry tydens die olieboikot. Pogings is altyd aangewend om die beste pryse onder die omstandighede te onderhandel. Mnr De Klerk se hande is skoon en hy is vol vertroue dat hy enige ondersoek na sy ampstyd as minister van minerale in hierdie moeilike tyd van ons geskiedenis met goeie gevolge sal deurstaan.

Is mnr De Klerk ten gunste van 'n omvattende ondersoek na sistemiese korrupsie in die jare 1976 tot 1994?

Mnr De Klerk glo dat die vorige regerings 'n onpartydige ondersoek na die wyse waarop hulle korrupsie hanteer het, goed sal deurstaan. Daar was geen sistemiese korrupsie terwyl hulle aan bewind was nie. Die vraag is of hierdie die beste manier sal wees om die staat se beperkte hulpbronne te bestee - veral in 'n tydperk wanneer Suid-Afrika met ernstige korrupsie gekonfronteer word.

Uitgereik deur die FW de Klerk Stigting
Kaapstad
9 Desember 2005

Navrae: Dave Steward - 082 824 8875